Follow @Beeld_Nuus

Maandag 17 Februarie 2014

Kontak Ons | Meld Aan | Subskripsie

Like 62k

Johannesburg
25°C
0 km/h SE

POLS

Nuwe tendense in liefdespel

deel 0 twiet 0 E-pos kommentaar

Donderdag 13 Februarie 2014

Enkellopendes se hoofdoelwit is lank nie meer om net die eerste, beste maat te kies net om nié alleen te wees nie. Bonita Erasmus van MatchVIP, ’n Suid-Afrikaanse maatsoek-en-lewenstyl-afrigtingsdiens, voer dikwels onderhoude met enkellopendes om vas te stel wat hul behoeftes is. Hier is ’n paar van haar bevindinge.

- Vroue vaar deesdae finansieel en akademies beter as mans. ’n Opkomende geslag van jong, hoogs opgevoede en gefokusde vroue neem die korporatiewe wêreld oor. Vroue is deesdae

skakels

- Enkellopendes wat meer geneig is om eers voor iemand se intellek as hul voorkoms te swig, staan as “sapioseksueles” bekend. Chemiese en fisieke aantrekkingskrag is ook vir hulle belangrik, maar as daar nie ’n intellektuele verbintenis is nie, wil dié skool enkellopendes niks van ’n verhouding weet nie.

KAART

OLX | PriceCheck | Property24 | Kalahari.com | Careers24



- Veelrassige verhoudings is nie ’n nuutjie in Suid-Afrika nie en tog is slegs 23% van enkellopendes ouer as 30 jaar bereid om ’n verhouding te hê met iemand van ’n ander ras. Mense jonger as 30 is veel ontvank- liker vir verhoudings oor kultuur- en rasgrense heen. Dié tendens sal volgens Erasmus tot veel meer veelrassige huwelike lei.

- Gemak sonder die toewyding is deesdae gewild. Heelwat geskeides wil graag ’n nuwe maat ontmoet, maar is nie bereid om hul huishouding met dié persoon te deel nie. Hulle verkies om hul lewe apart te hou van hul maat s’n en sal eerder oorslaap as sleutels uitruil. Hulle glo dit maak hul lewe makliker, veral as daar kinders en stiefkinders betrokke is. Geskeide ouers plaas hul kinders se belange gewoonlik bo dié van hul romantiese maat.

- Ontmoetings aanlyn raak toenemend ongewild, veral omdat enkellopendes dikwels hul gruwelverhale van vreemde karakters wat hulle aanlyn ontmoet het met hul vriende deel. Mense meen glo toenemend daar is te veel op die spel, te min voordeel en dat dit boonop onwaardig is.

deel 0 twiet 0 E-pos kommentaar

MEER NUUS

Geen ridder? Bederf jouself

Só onthou julle dag vir altyd

Jou eie, groen hoekie

Jy moet aangemeld wees op ons webwerf om kommentaar te kan lewer.
Kliek hier om aan te meld, of hier om te registreer indien jy nog nie ’n gebruikersprofiel geskep het nie.

Media24 Digitale Nuus: Só voer ons gesprek

Ons is ten gunste van oop gesprek en wil aan al ons lesers die platform gun om saam te praat. Die “wagwoord” in die kommentaar-afdeling van ons webwerwe is respek. Respek vir mede-lesers en die mense en gebeure waaroor ons berig. Ons sal nie seksisme, homofobie, rassisme of ander vorms van haatspraak duld nie en behou ons die reg voor om kommentaar te verwyder. Kortom, speel die bal, nie die man nie.